MN 39

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

HUMANITAS
RGN • HSRC

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORS
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER RES

# NAVORSINGSBEVINDING

*

# RESEARCH FINDING

**RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN ERMELO VIR 1981**

001.3072068 HSRC
MN 39

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 39 | 33888/5 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

MN 39

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

HUMANITAS
RGN-HSRC

HUMAN
SCIENCES RESEARCH
COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORS
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER RES

# NAVORSINGSBEVINDING

*

# RESEARCH FINDING

**RAMING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN ERMELO VIR 1981**

001.3072068 HSRC
MN 39

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 39 | 33888/5 |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

33888|5

HUMANITAS
RGN • HSRC

RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14. 7. 78 | | | |
| 9. 4. 79 | | | |

RSING

RAI

/AN ERMELO VIR 1981

F. Boshoff, M.Com.

MANNEKRAGNAVORSING

DIREKTEUR: W. VERHOEF

0000034690 8

2844363866

PRETORIA

1976

ISBN 0 86965 382 2

Navorsingsbevinding M-N-39

Kopiereg voorbehou

Prys: R0,65

001.3072068 HSRC MN 39

*034690*

HSRC

1977 -2- 2?

STANDKODE
HSRC MN 39
001.30720968
G

33888 5

INHOUD


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING EN DOEL | 1 |
| 2 | BEGRIPSOMSKRYWING | 1 |
| 2.1 | Uitvoerwerkgeleenthede | 1 |
| 2.2 | Streekresidensiële werkgeleenthede | 1 |
| 2.3 | Streekresidensiële goedere en dienste | 1 |
| 2.4 | Uitvoergoedere en -dienste | 1 |
| 3 | GEBIEDSAFBAKENING | 1 |
| 4 | DIE RAMINGSTEGNIEK | 2 |
| 5 | KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS | 3 |
| 6 | RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN ERMELO IN 1981 | 3 |
| 7 | RAMING VAN DIE MINIMUM NOODSAAKLIKE, STREEKRESIDIENSIËLE INDIENSNEMINGS= PERSENTASIES VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 6 |
| 8 | RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN DIE TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING | 7 |
| 9 | RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS | 7 |
| 10 | RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING | 9 |
| 11 | RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING | 9 |
| 12 | RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN ERMELO VOLGENS VOLKSGROEP VIR 1981 | 12 |
| 13 | BETROUBAARHEID VAN DIE RAMINGS | 12 |
| 14 | SAMEVATTING | 12 |
| | BYLAE | 14 |
| | LITERATUURLYS | 16 |

## 1 INLEIDING EN DOEL

Ooreenkomstig die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (1975, p. 29) is dit na=sionale beleid om die vestiging van nywerhede en streekfunksies op Ermelo, wat die hoofdorp van ontwikkelingstreek no. 28 is, aan te moedig. Op die oomblik is dit reeds bekend dat klaar beplande steenkoolmyne en spoorwegwerkplase in en om die dorp ontwik=keling en bevolkingsgroei in die nabye toekoms aansienlik sal stimuleer.

Ontwikkeling en veral ontwikkeling teen 'n versnelde tempo maak weer beplanning in beide die openbare en private sektor noodsaaklik. Sonder beplanning kan die ont=staan van knelpunte net nie uitgeskakel word nie. Beplanning verg egter sekere basiese data waaronder 'n raming van die verwagte bevolkingsgroei in die dorp of streek, waar=voor beplan moet word.

Die doel met hierdie studie is om vir die gebruik van beplanners 'n raming van die bevolkingsgroei in Ermelo volgens volksgroep, beroepsgroep en nywerheidsektor tot 1981 te maak.

## 2 BEGRIPSOMSKRYWING

Aangesien sommige van die begrippe wat hieronder gebruik sal word, nie algemeen bekend is nie, sal 'n kort omskrywing daarvan gegee word ten einde moontlike verwarring te voorkom. 'n Vollediger bespreking van die begrippe verskyn in 'n vorige verslag (Boshoff, 1975).

### 2.1 UITVOERWERKGELEENTHEDE

Uitvoerwerkgeleenthede is betrekkings waar die bekleërs goedere of dienste pro=duseer wat deur persone of instansies wat buite die betrokke ekonomiese streek gesetel is, verbruik sal word.

### 2.2 STREEKRESIDENSIËLE WERKGELEENTHEDE

Streekresidensiële werkgeleenthede is betrekkings waar die bekleërs goedere of dienste produseer wat deur die bewoners van hul eie ekonomiese streek verbruik word.

### 2.3 STREEKRESIDENSIËLE GOEDERE EN DIENSTE

Streekresidensiële goedere en dienste is goedere en dienste wat deur die bewo=ners van 'n ekonomiese streek in hul eie streek vir hul eie gebruik geproduseer word.

### 2.4 UITVOERGOEDERE EN -DIENSTE

Uitvoergoedere en -dienste is goedere en dienste wat verbruik word deur persone wat buite die ekonomiese streek woon waarin die goedere geproduseer is.

## 3 GEBIEDSAFBAKENING

Die beginsels waarvolgens die grense van 'n subnasionale gebied bepaal word, is in 'n vorige streekstudie uitvoerig bespreek (Boshoff, 1975). Ooreenkomstig dié begin=sels sal die Ermelose ekonomiese streek vir doeleindes van hierdie studie ook Breyten, Chrissiesmeer, Sheepmoor en Nucam insluit.

Wanneer daar in hierdie studie na Ermelo as dorp verwys word, sal aanvaar word dat Nucam, die Bantoewoongebied en die Nooitgedagt-proefplaas integrerende dele van Ermelo as dorp uitmaak.

By die raming van die getal uitvoerwerkgeleenthede in Ermelo in 1981 sal werk=geleenthede te Nucam in die kragstasie, steenkoolmyn en dorpsgebied asook werkgeleent=hede in die Spitskop- en Davel-steenkoolmyne gereken word as uitvoerwerkgeleenthede in Ermelo.

Die teorieë, relatief vaste verhoudings en aannames waarop die ramingstegniek gebaseer word, is in 'n vorige verslag meer uitvoerig bespreek. (Kyk Boshoff 1975, pp. 6-16.) Hieronder volg slegs 'n kort opsomming daarvan tesame met 'n kort verduideliking van die ramingstegniek.

Eerstens word aanvaar dat daar 'n relatief vaste verhouding bestaan tussen die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uitvoerwerkers in 'n redelik geïsoleerde dorp of stad waarvan die ekonomie naastenby in ewewig is.

Tweedens word aanvaar dat 'n sekere minimum persentasie van die ekonomies be= drywige bevolking van alle redelik geïsoleerde dorpe en stede in elke nywerheidsektor werksaam moet wees net om in die noodsaaklike behoeftes van die ekonomiese streek se bewoners van streekresidensiële goedere en dienste te voorsien. Die minimum persenta= sie word die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie genoem.

Daar word ook aanvaar dat die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiens= nemingspersentasie vir elke nywerheidsektor op grond van bevolkingsensusgegewens ge= raam kan word. Dit word gedoen deur die persentasie werkers in elke nywerheidsektor, in die geval van 'n aantal dorpe en stede wat spesiaal vir die doel uitgekies is, te tabelleer. Die laagste waargenome indiensnemingspersentasie in elke nywerheidsektor word dan aanvaar as 'n raming van die sektorale minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie. 'n Sommering van die verskillende sektorale minimum persen= tasies lewer dan 'n raming van die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensne= mingspersentasie vir die dorp of stad.

Aangesien die streekresidensiële werkers (s) plus die uitvoerwerkers (u) gelyk is aan die totale ekonomies bedrywige bevolking (e), volg dit dat die persentasie uit= voerwerkers bereken kan word indien die persentasie streekresidensiële werkers eers ge= raam is.

$$s + u = e$$

$$\therefore S\% + U\% = 100\%$$

$$\therefore U\% = 100\% - S\%$$

Met beide die persentasie streekresidensiële werkers en die persentasie uit= voerwerkers bekend, kan beide die getal streekresidensiële werkers en die ekonomies bedrywige bevolking bereken word indien die getal uitvoerwerkers deur middel van 'n op= name bepaal word.

Die beroepsverdeling van die geraamde getal streekresidensiële werkers in elke nywerheidsektor geskied in ooreenstemming met die beroepsverdeling in die betrokke ny= werheidsektore van een of meer ander dorpe soos wat dit uit bevolkingsensusgegewens blyk. Vir die doel word die ander dorpe uitgesoek indien indiensneming in die betrokke nywerheidsektor tydens die vorige bevolkingsensus ongeveer net soveel was as wat geraam= de streekresidensiële indiensneming op die teikendatum in die dorp waarvoor geraam word, sal wees. Sorg word ook gedra dat die volksgroepsamestelling van die gekose dorp naastenby ooreenstem met dié van die dorp waarvoor die raming gemaak word.

Daar word aanvaar dat die beroepskeuse van lede van die verskillende volks= groepe in die voorsienbare toekoms, net soos in die verlede, hoofsaaklik deur tradisie bepaal sal word. Daarom word die volksgroepverdeling van die streekresidensiële wer= kers afsonderlik vir elke beroepsgroep geraam. Die raming van volksgroepverdeling ge= skied op grond van die ooreenstemmende verdelings volgens bevolkingsensusgegewens in die geval van een of meer dorpe wat spesiaal vir die doel uitgesoek word. Geskikte dorpe word vir die doel uitgesoek op grond van bevolkingsamestelling en -grootte.

Die volksgroepsamestelling van die uitvoerwerkers word tydens die opname by die werkgewers vasgestel.

Laastens word aanvaar dat ekonomiese deelnamekoerse wesentlik van volksgroep tot volksgroep en streek tot streek verskil. Gevolglik word die ekonomiese deelname= koers vir elke volksgroep afsonderlik bereken op grond van die ekonomiese deelnamekoers

van die betrokke volksgroep tydens die vorige bevolkingsensus in die dorp of stad waarvoor die raming gemaak word, of in 'n ander geskikte dorp of stad in dieselfde streek en met 'n soortgelyke bevolkingsamestelling. Met beide die ekonomiese deelnamekoerse en die getal ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep bekend, kan die getal nie-ekonomies bedrywiges vir elke volksgroep en die totale bevolking bereken word.

Sedert die eerste ramings volgens bostaande tegniek gemaak is, is die stelsel ten volle gemodelleer en vir gebruik op die elektroniese rekenaar geprogrammeer (Jacobs, 1975). Omdat berekenings nou soveel vinniger gedoen word, kan alternatiewe aannames ten opsigte van minimum noodsaaklike, sektorale indiensnemingspersentasies, ekonomiese deelnamekoerse en volksgroepverhoudings uitgetoets word ten einde te ver= seker dat die raming op realistiese aannames gebaseer word. Die berekeningsmetodes en metode van benadering van desimale breuke wat in die rekenaarprogram ingebou is, het egter tot gevolg dat persentasiekolomme nie altyd 100 bereik nie, en dat dieselfde to= taal in verskillende tabelle soms met 'n klein en betekenislose getal verskil.

## 5 KEUSE VAN DIE RAMINGSBASIS

Soos in paragraaf 4 verduidelik is, word die minimum noodsaaklike, streeksresi= densiële indiensnemingspersentasie in elke sektor geraam op grond van bevolkingsensus= gegewens in 'n aantal ander dorpe of stede. Die vereiste wat aan geskikte dorpe of ste= de gestel word, is eerstens dat hulle voldoende geïsoleerd moet wees van die ekonomie= se invloed van nabygeleë groter dorpe of stede, en tweedens dat hulle op die sensusda= tum ongeveer so groot moes gewees het as wat die dorp of stad waarvoor die raming ge= maak word, na verwagting op die teikendatum sal wees.

Die isolasievereiste sluit alle dorpe of stede in die PWV-gebied uit. Ander dorpe binne 60 tot 100 kilometer van stede of groter dorpe moet, indien die kommunika= siekanale tussen die twee gerieflik is, om dieselfde rede uitgesluit word.

Op grond van voorlopige berekenings wil dit voorkom asof Ermelo se bevolking in 1981 tussen 30 000 en 40 000 sal wees. Op grond daarvan sal alle dorpe wat tydens die 1970-bevolkingsensus 'n bevolking van tussen 20 000 en 70 000 gehad het, in aanmer= king kom vir insluiting in die ramingsbasis mits hulle voldoen aan die isolasievereis= tes. Slegs die volgende dorpe bevredig albei die vereistes:

1 Klerksdorp
2 Paarl
3 Potchefstroom
4 Kroonstad
5 Pietersburg
6 Worcester
7 Queenstown
8 Bethlehem
9 Oudtshoorn
10 George

Daar was nie ander geïsoleerde Suid-Afrikaanse dorpe waarvan die bevolkingsge= talle nouer om die voorlopig geraamde bevolking van Ermelo heen versprei is, beskikbaar nie.

In tabel 5.1 verskyn 'n tabellasie van die persentasieverdeling van die tien dorpe se ekonomies bedrywige bevolkings volgens nywerheidsektor.

Die persentasies vir die sektorale minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensneming en die totale persentasie uitvoerwerkers word almal op grond van die persentasies in tabel 5.1 geraam.

## 6 RAMING VAN DIE GETAL UITVOERWERKGELEENTHEDE IN ERMELO IN 1981

In tabel 6.1 verskyn 'n tabellasie van die uitvoerwerkgeleenthede wat na verwag= ting teen 1981 in Ermelo sal bestaan.

TABEL 5.1

PERSENTASIEVERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN TIEN SUID-AFRIKAANSE DORPE EN STEDE VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

| Nywerheidsektor | Dorpe: Klerksdorp | Paarl | Potchefstroom | Kroonstad | Pietersburg | Worcester | Queenstown | Bethlehem | Oudtshoorn | George | Minimum persentasie | Gemiddelde persentasie | Gekose persentasie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Landbou, bosbou en visvangs | 1,02 | 4,75 | 2,70 | 0,95 | 1,50 | 1,96 | 0,85 | 1,67 | 1,61 | 3,45 | 0,85 | 2,05 | 0,85 |
| 2 Mynbou- en steengroefwerk | 9,15 | 0,25 | 1,27 | 0,06 | 0,72 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,62 | 0,0 | 1,20 | 0,25 |
| 3 Voedsel, drank en tabak | 2,68 | 18,64 | 6,01 | 5,03 | 7,12 | 11,33 | 4,14 | 5,50 | 4,37 | 8,13 | 2,68 | 7,30 | 2,68 |
| 4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 0,15 | 11,52 | 1,10 | 1,51 | 0,91 | 11,93 | 0,28 | 0,0 | 3,91 | 5,05 | 0,0 | 3,64 | 0,0 |
| 5 Nie-metaal- en algemene goedere | 2,95 | 4,90 | 3,25 | 3,24 | 1,70 | 2,13 | 1,69 | 1,87 | 1,96 | 8,00 | 1,69 | 3,17 | 1,69 |
| 6 Basiese metale | 0,0 | 0,0 | 0,44 | 0,06 | 0,33 | 0,0 | 0,09 | 0,0 | 0,0 | 0,49 | 0,0 | 0,14 | 0,0 |
| 7 Metaalprodukte | 2,27 | 3,64 | 1,27 | 0,95 | 2,74 | 1,28 | 0,56 | 0,59 | 1,84 | 1,23 | 0,56 | 1,64 | 0,56 |
| 8 Elektrisiteit, gas en water | 0,57 | 0,40 | 0,28 | 0,56 | 1,24 | 2,30 | 0,85 | 0,49 | 0,35 | 0,74 | 0,28 | 0,78 | 0,28 |
| 9 Bou en konstruksie | 9,64 | 13,64 | 8,37 | 5,20 | 7,84 | 7,84 | 7,72 | 5,99 | 12,08 | 15,76 | 5,20 | 9,41 | 12,08 |
| 10 Handel, verversings- en akkommodasiedienste | 24,19 | 14,49 | 18,46 | 21,06 | 19,07 | 19,59 | 20,15 | 26,23 | 19,91 | 18,84 | 14,49 | 20,20 | 14,49 |
| 11 Vervoer, opberging en kommunikasie | 7,75 | 2,93 | 3,53 | 14,36 | 10,19 | 7,16 | 9,89 | 14,73 | 6,67 | 4,43 | 2,93 | 8,16 | 2,93 |
| 12 Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste | 3,97 | 3,28 | 3,53 | 3,30 | 3,85 | 3,83 | 5,46 | 3,83 | 4,60 | 3,33 | 3,28 | 3,90 | 3,28 |
| 13 Openbare owerheidsdienste | 10,20 | 10,76 | 25,84 | 16,31 | 18,48 | 16,61 | 12,81 | 14,24 | 22,78 | 11,45 | 10,20 | 15,95 | 10,20 |
| 14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | 5,44 | 3,74 | 7,16 | 5,89 | 5,16 | 4,51 | 11,49 | 3,73 | 4,14 | 3,57 | 3,57 | 5,48 | 3,57 |
| 15 Persoonlike en huishoudelike dienste | 20,03 | 7,07 | 16,80 | 21,45 | 19,14 | 9,54 | 24,01 | 21,12 | 15,77 | 14,90 | 7,07 | 16,98 | 16,80 |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG N | 26460 | 19800 | 18150 | 17900 | 15310 | 11740 | 10620 | 10180 | 8690 | 8120 | 52,80 | 100,00 | 69,69 |
| % | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | | | |

TABEL 6.1

VERWAGTE UITVOERWERKGELEENTHEDE IN ERMELO VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1981

| Beroepsgroep | Nywerheidsektor | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mynbou en steen=groefwerk | | Voedsel, drank en tabak | | Elektrisi=teit, gas en water | | Vervoer, op=berging en kommunika=sie | | | |
| | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, boureke=naars, ens. | 9 | 0,19 | 6 | 3,33 | 2 | 0,16 | 1 | 0,23 | 18 | 0,27 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, aptekers, verpleegsters en ander paramedici | 4 | 0,09 | | | 2 | 0,16 | | | 6 | 0,09 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, regsgeleerdes, ens. | 8 | 0,17 | 2 | 1,11 | 2 | 0,16 | | | 12 | 0,18 |
| 4 Tegnici en tekenaars | 7 | 0,15 | 2 | 1,11 | 22 | 1,75 | 22 | 5,12 | 53 | 0,81 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | 29 | 0,62 | 7 | 3,89 | 7 | 0,56 | 3 | 0,70 | 46 | 0,70 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | 100 | 2,31 | 10 | 5,56 | 64 | 5,10 | 38 | 8,84 | 212 | 3,23 |
| 7 Dienswerkers | 162 | 3,45 | 2 | 1,11 | 119 | 9,48 | | | 283 | 4,31 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | | | 4 | 2,22 | 2 | 0,16 | | | 6 | 0,09 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | 194 | 4,13 | 4 | 2,22 | 105 | 8,37 | 27 | 6,28 | 330 | 5,03 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | 1304 | 27,78 | | | | | | | 1304 | 19,88 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | 688 | 14,66 | 8 | 4,44 | 243 | 19,36 | 67 | 15,58 | 1006 | 15,34 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | 276 | 5,88 | 2 | 1,11 | 36 | 2,87 | | | 314 | 4,79 |
| 13 Masjienoperateurs | 650 | 13,85 | 8 | 4,44 | 146 | 11,63 | 15 | 3,49 | 819 | 12,49 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | 536 | 11,42 | 25 | 13,89 | 20 | 1,59 | 92 | 21,40 | 673 | 10,26 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | 727 | 15,49 | 100 | 55,56 | 485 | 38,65 | 165 | 38,37 | 1477 | 22,52 |
| TOTAAL N | 4694* | 100 | 180 | 100 | 1255 | 100 | 430 | 100 | 6559** | 100 |
| TOTAAL % | 71,57 | | 2,74 | | 19,13 | | 6,56 | | 100 | |

*Alle Bantoewerkers aan bestaande en beplande steenkoolmyne en aan die Camden-kragstasie is hierby ingesluit al woon hulle ook in hostelle buite die Ermelose dorpsgrense
Kyk ook paragraaf 6 in dié verband

**Onverminderde getal

Die getal uitvoerwerkgeleenthede in tabel 6.1 is soos volg geraam:

(a) In die geval van tans bestaande bedrywe en ander ondernemings is ŉ opname gemaak van hul huidige werkgeleenthede. ŉ Voorbeeld van die vraelys wat gebruik is, verskyn as bylae. Die syfers wat deur middel van die opname verkry is, is daarna soos volg aangepas om ŉ 1981-raming te verkry. Eerstens is die topbestuur van die bedryf of onderneming gevra om ŉ raming te maak van die verwagte toename in werkgeleenthede tot 1981. Die verwagte toename is by die huidige getal werkgeleenthede getel. Tweedens is vasgestel watter persentasie van die bedryf se produksie na raming in die Ermelose ekonomiese streek verbruik sal word. Die 1981-werkgeleentheidsyfer is dan weer met die persentasie verminder.

(b) In die geval van beplande bedrywe in die private sektor is ramings van die verwagte getal werkgeleenthede in 1981 van die persone wat vir die beplanning daarvan verantwoordelik is, verkry. Die getalle is ook verminder met die persentasie van hul verwagte produksie wat na verwagting in die Ermelose ekonomiese streek verbruik sal word.

(c) In die geval van die beplande spoorwegwerkplase is die huidige indiensneming van ŉ ander spoorwegwerkplaas wat net so groot is as wat die Ermelose werkplaas volgens beplanning in 1981 sal wees, op aanbeveling van die SAS & H se beplanners aanvaar as ŉ raming van die getal werkgeleenthede in 1981. Die getalle is ook verminder om voorsiening te maak vir dienste wat aan bewoners van die Ermelose ekonomiese streek gelewer word.

(d) Vir doeleindes van die berekening van die getal streekresidensiële werkers wat op die getal uitvoerwerkgeleenthede gebaseer word (par. 4), is die getal Bantoetrekarbeiders wat in hostelle woon, ook nog verder verminder met die geraamde persentasie van hul loon wat nie in Ermelo bestee word nie, maar na hul familie in hul tuislande toe gestuur word. Die betrokke persentasie, 48 persent, is in oorleg met personeel- en hostelbestuurders, wat intieme kennis van die betrokke Bantoetrekarbeiders se bestedingspatrone dra, geraam.

Wanneer die ekonomies bedrywige bevolking en totale bevolking bereken word, word die getalle waarmee uitvoerwerkgeleenthede vir doeleindes van die berekening van die streekresidensiële werkgeleenthede verminder is, weer teruggetel.

(e) Daar word aanvaar dat alle uitvoerwerkgeleenthede in 1981 beset sal wees. Daarom word uitvoerwerkgeleenthede gelyk gestel aan uitvoerwerkers.

(f) Die aandag word ook daarop gevestig dat die betroubaarheid van die getalle in tabel 6.1 van kritieke belang vir die betroubaarheid van die bevolkingsraming is. Foute in die raming van die getal uitvoerwerkers bring aansienlik groter foute in die geraamde totale bevolking mee.

## 7 RAMING VAN DIE MINIMUM NOODSAAKLIKE, STREEKRESIDENSIËLE INDIENSNEMINGSPERSENTASIES VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

Daar is besluit om die minimum persentasie indiensneming wat waargeneem is in die 10 dorpe wat as ramingsbasis dien (tabel 5.1) te aanvaar as die geraamde minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie in twaalf van die vyftien nywerheidsektore.

In die mynbou- en steengroefwerksektor is die minimum waargenome indiensnemingspersentasie nul persent. Omdat dit egter bekend is dat daar wel streekresidensiële mynbou- en steengroefwerk in Ermelo bedryf word, is besluit om die derde laagste waargenome persentasie, dit is 0,25 persent, te aanvaar as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie.

Dit is onwaarskynlik dat die bou- en konstruksiesektor teen 1981 reeds in ewewig sal wees. Die bedryf sal waarskynlik nog ŉ hele jaar teen ŉ verhoogde tempo moet werk om die abnormale hoë vraag na woonhuise en infrastruktuurwerke te bevredig. Om die rede is besluit om die derde hoogste waargenome persentasie te kies as die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie vir Ermelo in 1981.

Blykens tabel 5.1 is die persentasie indiensneming in die persoonlike en huishoudelike dienstesektor aansienlik hoër in dorpe waar daar hoofsaaklik van Bantoes as huisbediendes gebruik gemaak word as in dorpe waar daar hoofsaaklik van Kleurlinge as huisbediendes gebruik gemaak word. Omdat daar in Ermelo hoofsaaklik van Bantoehuisbediendes gebruik gemaak word, is besluit om die laagste persentasie indiensneming wat in dorpe waar van Bantoehuisbediendes gebruik gemaak word voorkom, te kies as minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie in die persoonlike en huishoudelike dienstesektor.

Die vyftien gekose minimum noodsaaklike, indiensnemingspersentasies word in die laaste kolom van tabel 5.1 aangetoon. Die vyftien persentasies se totaal is 69,69 persent. Dit beteken dat die verlaagde getal uitvoerwerkgeleenthede (par. 6) 100-69,69 = 30,31 persent van die ekonomies bedrywige bevolking uitmaak.

## 8 RAMING VAN DIE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN DIE TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING

In tabel 8.1 verskyn 'n raming van die getal streekresidensiële werkers volgens nywerheidsektor en van die totale ekonomies bedrywige bevolking.

TABEL 8.1

GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS IN ERMELO VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR EN TOTALE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING
1981

| | Nywerheidsektor | Werkers | |
|---|---|---|---|
| | | N | % |
| 1 | Landbou, bosbou en visvangs | 121 | 0,85 |
| 2 | Mynbou en steengroefwerk | 36 | 0,25 |
| 3 | Voedsel, drank en tabak | 382 | 2,68 |
| 4 | Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 0 | 0,0 |
| 5 | Nie-metaal- en algemene goedere | 241 | 1,69 |
| 6 | Basiese metale | 0 | 0,0 |
| 7 | Metaalprodukte | 80 | 0,56 |
| 8 | Elektrisiteit, gas en water | 39 | 0,28 |
| 9 | Bou en konstruksie | 1721 | 12,08 |
| 10 | Handel, verversings- en akkommodasiedienste | 2065 | 14,49 |
| 11 | Vervoer, opberging en kommunikasie | 417 | 2,93 |
| 12 | Finansierings-, versekerings-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste | 468 | 3,28 |
| 13 | Openbare owerheidsdienste | 1454 | 10,20 |
| 14 | Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | 509 | 3,57 |
| 15 | Persoonlike en huishoudelike dienste | 2394 | 16,80 |
| | Totaal streekresidensieel | 9927 | 69,69 |
| | Uitvoerwerkers (verlaagde getal) | 4318 | 30,31 |
| | Swart hostelbewoners teruggetel | 2241 | |
| | TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG | 16486 | 100 |

Die persentasies in tabel 8.1 is dié wat soos in die vorige paragraaf verduidelik, gekies is en in die laaste kolom van tabel 5.1 aangetoon word. Met behulp van dié gekose minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasies kon bereken word dat die verlaagde getal uitvoerwerkers 30,31 persent van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking uitmaak, en kon die getal streekresidensiële werkers vir elke nywerheidsektor bereken word.

## 9 RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS

In tabel 9.1 word die geraamde beroeps- en sektorale verspreiding van die geraamde getal streekresidensiële werkers aangetoon.

TABEL 9.1

DIE GERAAMDE GETAL STREEKRESIDENSIËLE WERKERS IN ERMELO VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1981

| Beroepsgroep | | Nywerheidsektor: 1 Landbou, bosbou en visvangs | 2 Mynbou en steengroefwerk | 3 Voedsel, drank en tabak | 4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere | 5 Nie-metaal-en algemene goedere | 6 Basiese metale | 7 Metaalprodukte | 8 Elektrisiteit, gas en water | 9 Bou en konstruksie | 10 Handel, verversings- en akkommodasiedienste | 11 Vervoer, opberging en kommunikasie | 12 Finansiering-, versekering-, vaste eiendoms- en besigheidsdienste | 13 Openbare owerheidsdienste | 14 Prof., welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | 15 Persoonlike en huishoudelike dienste | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, | % | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 20 | 0 | 0 | 8 | 10 | 0 | 0 | 41 |
| opmeters, bourekenaars, ens. | N | 2,38 | 0,28 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 1,15 | 1,17 | 0,0 | 0,0 | 1,67 | 0,72 | 0,0 | 0,0 | 0,41 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, aptekers, verpleegsters en ander paramedici | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 7 | 2 | 0 | 3 | 163 | 0 | 175 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,35 | 0,57 | 0,0 | 0,23 | 31,96 | 0,0 | 1,76 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, regsgeleerdes, ens. | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 12 | 429 | 76 | 0 | 517 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,50 | 29,50 | 14,85 | 0,0 | 5,21 |
| 4 Tegnici en tekenaars | N | 0 | 0 | 0 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 6 | 0 | 4 | 0 | 0 | 14 |
| | % | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 1,75 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 1,50 | 0,0 | 0,25 | 0,0 | 0,0 | 0,14 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N | 0 | 2 | 9 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 17 | 49 | 11 | 4 | 7 | 0 | 0 | 103 |
| | % | 0,0 | 6,76 | 2,39 | 0,0 | 1,75 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,96 | 2,39 | 2,63 | 0,83 | 0,49 | 0,0 | 0,0 | 1,04 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 4 | 5 | 130 | 0 | 36 | 0 | 4 | 1 | 56 | 1072 | 124 | 390 | 193 | 44 | 14 | 2073 |
| | % | 3,70 | 13,62 | 34,05 | 0,0 | 15,07 | 0,0 | 5,56 | 1,72 | 3,23 | 51,91 | 29,60 | 83,40 | 13,26 | 8,74 | 0,60 | 20,88 |
| 7 Dienswerkers | N | 0 | 5 | 12 | 0 | 3 | 0 | 0 | 1 | 16 | 296 | 10 | 27 | 353 | 172 | 2152 | 3047 |
| | % | 0,0 | 15,04 | 3,03 | 0,0 | 1,33 | 0,0 | 0,0 | 2,01 | 0,95 | 14,34 | 2,30 | 5,68 | 24,29 | 33,82 | 89,91 | 30,69 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | N | 106 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 9 | 0 | 0 | 26 | 3 | 206 | 350 |
| | % | 87,83 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,57 | 0,0 | 0,44 | 0,0 | 0,0 | 1,79 | 0,63 | 8,61 | 3,53 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | N | 0 | 0 | 7 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 44 | 0 | 5 | 0 | 6 | 3 | 0 | 65 |
| | % | 0,0 | 0,28 | 1,75 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,53 | 0,0 | 1,15 | 0,0 | 0,41 | 0,63 | 0,0 | 0,65 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | N | 0 | 15 | 0 | 0 | 29 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 44 |
| | % | 0,0 | 41,27 | 0,0 | 0,0 | 12,12 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,44 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers | N | 0 | 3 | 89 | 0 | 65 | 0 | 54 | 30 | 146 | 174 | 63 | 6 | 33 | 8 | 0 | 671 |
| (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | % | 0,0 | 7,90 | 23,41 | 0,0 | 26,90 | 0,0 | 66,67 | 76,44 | 8,47 | 8,42 | 15,07 | 1,23 | 2,25 | 1,51 | 0,0 | 6,76 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | N | 7 | 3 | 0 | 0 | 12 | 0 | 0 | 0 | 718 | 0 | 16 | 3 | 22 | 0 | 0 | 781 |
| | % | 6,08 | 7,33 | 0,0 | 0,0 | 4,84 | 0,0 | 0,0 | 0,57 | 41,73 | 0,0 | 3,93 | 0,74 | 1,53 | 0,0 | 0,0 | 7,87 |
| 13 Masjienoperateurs | N | 0 | 0 | 31 | 0 | 4 | 0 | 0 | 2 | 24 | 32 | 9 | 0 | 0 | 0 | 0 | 102 |
| | % | 0,0 | 0,09 | 8,17 | 0,0 | 1,52 | 0,0 | 0,0 | 4,31 | 1,38 | 1,54 | 2,08 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 1,03 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 0 | 0 | 7 | 0 | 22 | 0 | 0 | 0 | 50 | 50 | 68 | 0 | 12 | 3 | 0 | 212 |
| | % | 0,0 | 0,19 | 1,75 | 0,0 | 9,09 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,91 | 2,42 | 16,26 | 0,0 | 0,81 | 0,63 | 0,0 | 2,14 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | N | 0 | 3 | 97 | 0 | 62 | 0 | 22 | 5 | 631 | 376 | 104 | 18 | 356 | 37 | 21 | 1732 |
| | % | 0,0 | 7,23 | 25,44 | 0,0 | 25,61 | 0,0 | 27,78 | 13,22 | 36,67 | 18,21 | 24,91 | 3,95 | 24,46 | 7,23 | 0,88 | 17,44 |
| TOTAAL | N | 120 | 36 | 382 | 0 | 241 | 0 | 80 | 39 | 1722 | 2065 | 418 | 468 | 1454 | 509 | 2393 | 9927 |
| AF | % | 100 | 100 | 100 | 0,0 | 100 | 0,0 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| DWARS | % | 1,21 | 0,36 | 3,85 | 0,0 | 2,43 | 0,0 | 0,81 | 0,39 | 17,35 | 20,80 | 4,21 | 4,71 | 14,65 | 5,13 | 24,11 | 100 |

Die beroepsverdeling van die werkers in die verskillende nywerheidsektore is gebaseer op die gemiddelde beroepsverdeling in die ooreenstemmende sektore van drie verskillende dorpe waarvan Ermelo een is. Die ander twee dorpe is in elke geval gekies omdat hulle tydens die 1970-bevolkingsensus ongeveer net soveel werkers in die betrokke sektore gehad het as die geraamde getal streekresidensiële werkers in dié sektor in Ermelo teen 1981.

In tabel 9.2 verskyn 'n lys van die dorpe wat in die geval van elke sektor ge= bruik is.

TABEL 9.2

DORPE WAARVAN DIE BEVOLKINGSENSUSGEGEWENS VIR DIE BEROEPSVERDELING VAN DIE GERAAMDE GE= TAL STREEKRESIDENSIëLE WERKERS VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR GEBRUIK IS
1981

| Nywerheidsektor | Dorpe | | |
|---|---|---|---|
| 1 Landbou, bosbou en visvangs | Queenstown | Oudtshoorn | Ermelo |
| 2 Mynbou- en steengroefwerk | Paarl | George | Ermelo |
| 3 Voedsel, drank en tabak | Queenstown | Oudtshoorn | Ermelo |
| 4 Klerasie, tekstiel- en leergoedere | | | |
| 5 Nie-metaal- en algemene goedere | Worcester | Bethlehem | Ermelo |
| 6 Basiese metale | | | |
| 7 Metaalprodukte | Queenstown | Bethlehem | Ermelo |
| 8 Elektrisiteit, gas en water | Potchefstroom | Bethlehem | Ermelo |
| 9 Bou en konstruksie | Potchefstroom | George | Ermelo |
| 10 Handel, verversings- en akkommodasiedienste | Queenstown | Oudtshoorn | Ermelo |
| 11 Vervoer, opberging en kommunikasie | Oudtshoorn | George | Ermelo |
| 12 Finansierings-, versekerings-, vaste eien= doms-, en besigheidsdienste | Worcester | Oudtshoorn | Ermelo |
| 13 Openbare owerheidsdienste | Queenstown | Bethlehem | Ermelo |
| 14 Professionele, welsyns-, maatskaplike en vermaaklikheidsdienste | Worcester | Bethlehem | Ermelo |
| 15 Persoonlike en huishoudelike dienste | Queenstown | Bethlehem | Ermelo |

NB Daar is geen streekresidensiële werkers in sektore 4 en 6 nie

## 10 RAMING VAN DIE BEROEPS- EN SEKTORALE VERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING

In tabel 10.1 word die beroeps- en sektorale verdeling van die geraamde ekono= mies bedrywige bevolking aangetoon.

Die getalle in tabel 10.1 is verkry deur eenvoudig die ooreenstemmende getalle in tabelle 6.1 en 9.1 te sommeer.

## 11 RAMING VAN DIE VOLKSGROEPVERDELING VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING

In tabel 11.1 verskyn 'n raming van die volksgroepverdeling van die geraamde ekonomies bedrywige bevolking van Ermelo in 1981.

Die volksgroepverdeling van die uitvoerwerkers in tabel 11.1 is in die geval van bestaande bedrywe en ander ondernemings tydens die opname empiries bepaal. In die geval van bedrywe en ondernemings wat tans nog in die beplanningstadium is, is die per= sone wat vir die beplanning verantwoordelik is, gevra om 'n raming te maak van die volks= groepverdeling van die geraamde getal uitvoerwerkers.

Die volksgroepverdeling van die geraamde getalle streekresidensiële werkers in tabel 11.1 is vir elke beroepsgroep afsonderlik gedoen. Die verdeling is gebaseer op die volksgroepverdeling in die ooreenstemmende beroepsgroep in Ermelo volgens die 1970-bevolkingsensusgegewens.

TABEL 10.1

GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN ERMELO VOLGENS BEROEPSGROEP EN NYWERHEIDSEKTOR 1981

| Beroepsgroep | | Nywerheidsektor: Landbou, bosbou en visvangs | Mynbou en steen= groefwerk | Voedsel, drank en tabak | Klerasie, tekstiel- en leergoedere | Nie-metaal- en alge= mene goedere | Basiese metale | Metaalprodukte | Elektrisiteit, gas en water | Bou en konstruksie | Handel, verver= sings- en akkommo= dasiedienste | Vervoer, opberging en kommunikasie | Finansierings-, ver= sekerings-, vaste eiendoms- en besig= heidsdienste | Openbare owerheids= dienste | Prof., welsyns, maatskaplike en vermaaklikheids= dienste | Persoonlike en huishoudelike dien= ste | Totaal ekonomies bedrywig |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | |
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, | N | 3 | 9 | 6 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 20 | 0 | 1 | 8 | 10 | 0 | 0 | 59 |
| opmeters, bourekenaars, ens. | % | 2,50 | 0,19 | 1,07 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,15 | 1,16 | 0,0 | 0,12 | 1,71 | 0,69 | 0,0 | 0,0 | 0,36 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, apte= | N | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 7 | 2 | 0 | 3 | 163 | 0 | 181 |
| kers, verpleegsters en ander paramedici | % | 0,0 | 0,08 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,15 | 0,0 | 0,34 | 0,24 | 0,0 | 0,21 | 32,02 | 0,0 | 1,10 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, reken= | N | 0 | 8 | 2 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 12 | 429 | 76 | 0 | 529 |
| meesters, regsgeleerdes, ens. | % | 0,0 | 0,17 | 0,36 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,15 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 2,56 | 29,50 | 14,93 | 0,0 | 3,21 |
| 4 Tegnici en tekenaars | N | 0 | 7 | 2 | 0 | 4 | 0 | 0 | 22 | 0 | 0 | 28 | 0 | 4 | 0 | 0 | 67 |
| | % | 0,0 | 0,15 | 0,36 | 0,0 | 1,66 | 0,0 | 0,0 | 1,70 | 0,0 | 0,0 | 3,30 | 0,0 | 0,28 | 0,0 | 0,0 | 0,41 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe | N | 0 | 31 | 16 | 0 | 4 | 0 | 0 | 7 | 17 | 49 | 14 | 4 | 7 | 0 | 0 | 149 |
| werkers | % | 0,0 | 0,66 | 2,85 | 0,0 | 1,66 | 0,0 | 0,0 | 0,54 | 0,99 | 2,37 | 1,65 | 0,85 | 0,48 | 0,0 | 0,0 | 0,90 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 4 | 105 | 140 | 0 | 36 | 0 | 4 | 65 | 56 | 1072 | 162 | 390 | 193 | 44 | 14 | 2285 |
| | % | 3,33 | 2,22 | 24,91 | 0,0 | 14,94 | 0,0 | 5,00 | 5,02 | 3,25 | 51,91 | 19,10 | 83,33 | 13,27 | 8,64 | 0,59 | 13,86 |
| 7 Dienswerkers | N | 0 | 167 | 14 | 0 | 3 | 0 | 0 | 120 | 16 | 296 | 10 | 27 | 353 | 172 | 2152 | 3330 |
| | % | 0,0 | 3,53 | 2,49 | 0,0 | 1,24 | 0,0 | 0,0 | 9,27 | 0,93 | 14,33 | 1,18 | 5,77 | 24,28 | 33,79 | 89,93 | 20,20 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | N | 106 | 0 | 4 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 | 9 | 0 | 0 | 26 | 3 | 206 | 356 |
| | % | 88,33 | 0,0 | 0,71 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,15 | 0,0 | 0,44 | 0,0 | 0,0 | 1,79 | 0,59 | 8,61 | 2,16 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | N | 0 | 194 | 11 | 0 | 0 | 0 | 0 | 105 | 44 | 0 | 32 | 0 | 6 | 3 | 0 | 395 |
| | % | 0,0 | 4,10 | 1,96 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 8,11 | 2,56 | 0,0 | 3,77 | 0,0 | 0,41 | 0,59 | 0,0 | 2,40 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | N | 0 | 1319 | 0 | 0 | 29 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1348 |
| | % | 0,0 | 27,89 | 0,0 | 0,0 | 12,03 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 8,18 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers | N | 0 | 691 | 97 | 0 | 65 | 0 | 54 | 273 | 146 | 174 | 130 | 6 | 33 | 8 | 0 | 1677 |
| (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | % | 0,0 | 14,61 | 17,26 | 0,0 | 26,97 | 0,0 | 67,50 | 21,10 | 8,48 | 8,43 | 15,33 | 1,28 | 2,27 | 1,57 | 0,0 | 10,17 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | N | 7 | 279 | 2 | 0 | 12 | 0 | 0 | 36 | 718 | 0 | 16 | 3 | 22 | 0 | 0 | 1095 |
| | % | 5,83 | 5,90 | 0,36 | 0,0 | 4,98 | 0,0 | 0,0 | 2,78 | 41,70 | 0,0 | 1,89 | 0,64 | 1,51 | 0,0 | 0,0 | 6,64 |
| 13 Masjienoperateurs | N | 0 | 650 | 39 | 0 | 4 | 0 | 0 | 148 | 24 | 32 | 24 | 0 | 0 | 0 | 0 | 921 |
| | % | 0,0 | 13,74 | 6,94 | 0,0 | 1,66 | 0,0 | 0,0 | 11,44 | 1,39 | 1,55 | 2,83 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 0,0 | 5,59 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 0 | 536 | 32 | 0 | 22 | 0 | 0 | 20 | 50 | 50 | 160 | 0 | 12 | 3 | 0 | 885 |
| | % | 0,0 | 11,33 | 5,69 | 0,0 | 9,13 | 0,0 | 0,0 | 1,55 | 2,90 | 2,42 | 18,87 | 0,0 | 0,83 | 0,59 | 0,0 | 5,37 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | N | 0 | 730 | 197 | 0 | 62 | 0 | 22 | 490 | 631 | 376 | 269 | 18 | 356 | 37 | 21 | 1732 |
| | % | 0,0 | 15,43 | 35,05 | 0,0 | 25,73 | 0,0 | 27,50 | 37,87 | 36,64 | 18,21 | 31,72 | 3,85 | 24,46 | 7,27 | 0,88 | 17,44 |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG | N | 120 | 4730 | 562 | 0 | 241 | 0 | 80 | 1294 | 1722 | 2065 | 848 | 468 | 1454 | 509 | 2393 | 16486 |
| AF | % | 100 | 100 | 100 | 0,0 | 100 | 0,0 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |
| DWARS | % | 0,73 | 28,69 | 3,41 | 0,0 | 1,46 | 0,0 | 0,49 | 7,85 | 10,45 | 12,53 | 5,14 | 2,84 | 8,82 | 3,09 | 14,52 | 100 |

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 11.1

DIE GERAAMDE EKONOMIES BEDRYWIGE BEVOLKING VAN ERMELO VOLGENS BEROEPSGROEP EN VOLKSGROEP
1981

| Beroepsgroep | | Ekonomies bedrywige bevolking | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Uitvoer | | | | Streekresidensieel | | | | Totaal | | | |
| | | Blank | Bantoe | Ander | Totaal | Blank | Bantoe | Ander | Totaal | Blank | Bantoe | Ander | Totaal |
| 1 Natuurwetenskaplikes, argitekte, ingenieurs, opmeters, | N | 18 | 0 | 0 | 18 | 41 | 0 | 0 | 41 | 59 | 0 | 0 | 59 |
| bourekenaars, ens. | % | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 |
| 2 Medici, tandheelkundiges, veeartse, aptekers, ver= | N | 4 | 2 | 0 | 6 | 120 | 44 | 11 | 175 | 124 | 46 | 11 | 181 |
| pleegsters en ander paramedici | % | 66,67 | 33,33 | 0,0 | 100,00 | 68,75 | 25,00 | 6,25 | 100,00 | 68,51 | 25,41 | 6,08 | 100,00 |
| 3 Geesteswetenskaplikes, onderwysers, rekenmeesters, | N | 12 | 0 | 0 | 12 | 266 | 251 | 0 | 517 | 278 | 251 | 0 | 529 |
| regsgeleerdes, ens. | % | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 51,52 | 48,48 | 0,0 | 100,00 | 52,55 | 47,45 | 0,0 | 100,00 |
| 4 Tegnici en tekenaars | N | 53 | 0 | 0 | 53 | 14 | 0 | 0 | 14 | 67 | 0 | 0 | 67 |
| | % | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 |
| 5 Besturende, uitvoerende en administratiewe werkers | N | 40 | 6 | 0 | 46 | 69 | 34 | 0 | 103 | 109 | 40 | 0 | 149 |
| | % | 86,96 | 13,04 | 0,0 | 100,00 | 66,67 | 33,33 | 0,0 | 100,00 | 73,15 | 26,85 | 0,0 | 100,00 |
| 6 Klerke, verkoops- en verwante werkers | N | 132 | 80 | 0 | 212 | 1283 | 656 | 134 | 2073 | 1415 | 736 | 134 | 2285 |
| | % | 62,26 | 37,74 | 0,0 | 100,00 | 61,87 | 31,65 | 6,47 | 100,00 | 61,93 | 32,21 | 5,86 | 100,00 |
| 7 Dienswerkers | N | 23 | 260 | 0 | 283 | 216 | 2807 | 24 | 3047 | 239 | 2067 | 24 | 3330 |
| | % | 8,13 | 91,87 | 0,0 | 100,00 | 7,09 | 92,13 | 0,79 | 100,00 | 7,18 | 92,10 | 0,72 | 100,00 |
| 8 Landbouers, bosbouers en vissers | N | 6 | 0 | 0 | 6 | 15 | 335 | 0 | 350 | 21 | 335 | 0 | 356 |
| | % | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 4,35 | 95,65 | 0,0 | 100,00 | 5,90 | 94,10 | 0,0 | 100,00 |
| 9 Produksietoesighouers en voormanne | N | 130 | 200 | 0 | 330 | 65 | 0 | 0 | 65 | 195 | 200 | 0 | 395 |
| | % | 39,39 | 60,61 | 0,0 | 100,00 | 100,00 | 0,0 | 0,0 | 100,00 | 49,37 | 50,63 | 0,0 | 100,00 |
| 10 Myn- en steengroefwerkers | N | 76 | 1228 | 0 | 1304 | 0 | 44 | 0 | 44 | 76 | 1272 | 0 | 1348 |
| | % | 5,83 | 94,17 | 0,0 | 100,00 | 0,33 | 99,67 | 0,0 | 100,00 | 5,64 | 94,36 | 0,0 | 100,00 |
| 11 Ander produksie- en instandhoudingswerkers | N | 388 | 618 | 0 | 1006 | 376 | 295 | 0 | 671 | 764 | 913 | 0 | 1677 |
| (ambagsmanne, halfgeskoold en ongeskoold) | % | 38,57 | 61,43 | 0,0 | 100,00 | 56,10 | 43,90 | 0,0 | 100,00 | 45,56 | 54,44 | 0,0 | 100,00 |
| 12 Bou- en konstruksiewerkers | N | 38 | 276 | 0 | 314 | 242 | 521 | 19 | 782 | 280 | 797 | 19 | 1096 |
| | % | 12,10 | 87,90 | 0,0 | 100,00 | 30,95 | 66,67 | 2,38 | 100,00 | 25,55 | 72,72 | 1,73 | 100,00 |
| 13 Masjienoperateurs | N | 152 | 667 | 0 | 819 | 86 | 16 | 0 | 102 | 238 | 683 | 0 | 921 |
| | % | 18,56 | 81,44 | 0,0 | 100,00 | 84,00 | 16,00 | 0,0 | 100,00 | 25,84 | 74,16 | 0,0 | 100,00 |
| 14 Vervoer- en kommunikasiewerkers | N | 46 | 627 | 0 | 673 | 49 | 163 | 0 | 212 | 95 | 790 | 0 | 885 |
| | % | 6,84 | 93,16 | 0,0 | 100,00 | 23,08 | 76,92 | 0,0 | 100,00 | 10,73 | 89,27 | 0,0 | 100,00 |
| 15 Ongeskoolde arbeiders | N | 0 | 1477 | 0 | 1477 | 42 | 1690 | 0 | 1732 | 42 | 3167 | 0 | 3209 |
| | % | 0,0 | 100,00 | 0,0 | 100,00 | 2,42 | 97,58 | 0,0 | 100,00 | 1,31 | 98,69 | 0,0 | 100,00 |
| | N | 1118 | 5441 | 0 | 6559 | 2884 | 6856 | 188 | 9928 | 4002 | 12297 | 188 | 16487 |
| TOTAAL EKONOMIES BEDRYWIG | % | 17,05 | 82,95 | 0,0 | 100,00 | 29,05 | 69,06 | 1,89 | 100,00 | 24,27 | 74,59 | 1,14 | 100,00 |

12 RAMING VAN DIE NIE-EKONOMIES BEDRYWIGE EN TOTALE BEVOLKING VAN ERMELO VOLGENS VOLKSGROEP VIR 1981

In tabel 12.1 verskyn 'n raming van die nie-ekonomies bedrywige bevolking vol= gens volksgroep van Ermelo vir 1981.

TABEL 12.1

DIE GERAAMDE BEVOLKING VAN ERMELO VOLGENS VOLKSGROEP VIR 1981

| Beroepstatus | | Blank | | Bantoe | | Ander | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N | % | N | % | N | % | N | % |
| Ekonomies bedrywige bevolking | N | 4002 | 33,15 | 12297 | 52,81 | 188 | 21,32 | 16487 | 45,49 |
| | % | 24,27 | | 74,59 | | 1,14 | | 100 | |
| Nie-ekonomies bedrywige bevolking | N | 8070 | 66,85 | 10990 | 47,19 | 694 | 78,68 | 19754 | 54,51 |
| | % | 40,85 | | 55,36 | | 3,51 | | 100 | |
| TOTALE BEVOLKING | N | 12072 | 100 | 23287 | 100 | 882 | 100 | 36241 | 100 |
| | % | 33,31 | | 64,26 | | 2,43 | | 100 | |

Omdat aanvaar word dat die ekonomiese deelnamekoerse van die verskillende volksgroepe betekenisvol verskil, is die nie-ekonomies bedrywige bevolking vir elke volksgroep afsonderlik geraam. Die raming vir elke volksgroep is gebaseer op die eko= nomiese deelnamekoerse van die betrokke volksgroep in Ermelo soos wat dit uit die 1970-bevolkingsensusgegewens blyk.

Die totale bevolking is geraam deur die geraamde ekonomies bedrywige bevolking (tabel 11.1) en die nie-ekonomies bedrywige bevolking (tabel 12.1) te sommeer.

13 BETROUBAARHEID VAN DIE RAMINGS

Die betroubaarheid van die bevolkingsramings wat met behulp van die tegniek wat hier aangewend is, verkry word, is reeds in 'n vorige verslag bespreek (Boshoff 1975, p. 45). Verder het Jacobs in sy verslag oor die modellering en programmering van die tegniek die betroubaarheid van die model redelik uitvoerig bespreek (Jacobs, 1975). 'n Volledige bespreking van die betroubaarheid van die ramings sal daarom nie weer hier herhaal word nie.

Die aandag word egter daarop gevestig dat die juistheid van die ramings van uitvoerwerkgeleenthede (par. 6) van deurslaggewende belang vir die betroubaarheid van die bevolkingsramings is. Indien een van die bedrywe of ondernemings wat na verwag= ting voor 1980 opgerig sal word, nie materialiseer nie, kan dit 'n betekenisvolle in= vloed op die betroubaarheid van die geraamde bevolking hê.

Die aandag word ook daarop gevestig dat die ramingstegniek wat hier gevolg is, by uitstek 'n minimum raming lewer.

14 SAMEVATTING

14.1 Die doel met die studie is om beide die ekonomies bedrywige en totale bevol= king van Ermelo volgens nywerheidsektor en beroepsgroep vir 1981 te raam.

14.2 'n Gebiedsomskrywing van Ermelo vind in paragraaf 3 plaas. Onder Ermelo word ook ingesluit Nucam, die Bantoewoongebied en die Nooitgedacht-proefplaas. Werkge= leenthede by die Spitskop- en Davel-steenkoolmyne word gereken as werkgeleenthede van Ermelo.

14.3 Die ramingstegniek wat gebruik word, is op die volgende teorieë,relatief kon= stante verhoudings en aannames gebaseer (par. 4):

(a) Die konstante verhouding tussen die uitvoerwerkgeleenthede en die streek= residensiële werkgeleenthede in 'n dorp of stad waarvan die ekonomie redelik in ewewig is.

(b) Die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingsvereiste.

(c) Die beroepstruktuur van verskillende volksgroepe word hoofsaaklik deur tradisie bepaal.

(d) Die ekonomiese deelnamekoers van elke volksgroep is oor die korttermyn redelik konstant.

14.4 Die bevolkingsensusgegewens van 10 geïsoleerde dorpe word as basis van die ramings wat gemaak word, gebruik (par. 5).

14.5 Die getal uitvoerwerkgeleenthede is tydens 'n opname ter plaatse empiries be=paal (par. 6).

14.6 Die minimum noodsaaklike, streekresidensiële indiensnemingspersentasie word afsonderlik vir elke nywerheidsektor geraam. In twaalf van die vyftien nywerheidsek=tore is dit geneem as die laagste sektorale indiensnemingspersentasie wat in die tien dorpe, wat as ramingsbasis dien, waargeneem is (par. 7).

14.7 Die beroepsverdeling van die streekresidensiële werkers word vir elke nywer=heidsektor apart geraam. Dit word gebaseer op die beroepsverdeling in die betrokke sektor in drie verskillende dorpe waarvan Ermelo altyd een is. Die beroepsverdeling van die uitvoerwerkgeleenthede is tydens die opname vasgestel (par. 9).

14.8 Die volksgroepverdeling van die streekresidensiële werkers is geraam op grond van die 1970-bevolkingsensusgegewens van Ermelo (par. 11).

14.9 Die ekonomiese deelnamekoerse van die verskillende volksgroepe wat vir die berekening van die nie-ekonomies bedrywige bevolking nodig is, is geraam op grond van 1970-bevolkingsensusgegewens van Ermelo (par. 12).

14.10 As gevolg van die ramingstegniek wat gebruik is, moet hierdie raming as 'n minimum raming beskou word.

BYLAE

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING

Telefoon: 48-6562

Navrae : F. Boshoff
D. de Klerk

Privaatsak X41
PRETORIA
0001

STREEKMANNEKRAGSTUDIES

A Gebied ______________________________

B Soort besigheid ______________________________

C Watter persentasie van u totale produksie word deur persone of organisasies buite die distrik verbruik? ______ %

D Wat sal u indiensneming na raming in 19___ wees?
of
Wat is u huidige indiensneming (insluitende werkende eienaars en direkteure)?

| | | Blank | Bantoe | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Natuurwetenskaplikes (chemici, geoloë, fisici, ens.), aardwetenskaplikes (aardrykskundiges, landboukundiges, ens.), lewenswetenskaplikes (bioloë, fisioloë, plant=kundiges, ens.), ingenieurs, argitekte, opmeters, bou=rekenaars, ens. (Slegs werkers in besit van 'n B-graad of gelykwaardige of hoër kwalifikasie) | | | |
| 2 | Medici, tandartse, veeartse, verpleegsters, fisiotera=peute, ens. | | | |
| 3 | Geesteswetenskaplikes (rekenmeesters, ekonome, regsge=leerdes, onderwysers, godsdiensberoepe, sosioloë, siel=kundiges, taalkundiges, ens.) (B-graad of gelykwaardige of hoër kwalifikasie) | | | |
| 4 | Tegnici en tekenaars | | | |
| 5 | Besturende en administratiewe werkers (bestuurders, produksiebestuurders, werkebestuurders, personeelbe=stuurders, takbestuurders, ens. asook maatskappy=sekretarisse, besturende direkteure, werkende eie=naars, afdelingshoofde, ens.) | | | |
| 6 | Klerke en verkoopswerkers | | | |
| 7 | Dienswerkers (werkers in verversings-, akkommodasie-, sport- en ontspanningsafdelings, skoonmakers, seku=riteitsbeamptes, bewaarders, nagwagte, brandweer=manne, haarkapsters, ens.) | | | |
| 8 | Landbou-, bosbou- en veeteeltwerkers, jagters, vissers en wildbewaarders | | | |
| 9 | Toesighouers en voormanne in produksie- en instand=houdingswerke | | | |
| 10 | Myn- en steengroefwerkers (alle range) | | | |

| | | Blank | Bantoe | Ander |
|---|---|---|---|---|
| 11 | Ander produksie- en instandhoudingswerkers (ambagsmanne, geskoold en halfgeskoold) | | | |
| 12 | Bou- en konstruksiewerkers (ambagsmanne, geskoold en halfgeskoold) | | | |
| 13 | Masjienoperateurs in produksie- en instandhoudings= werke (beide stilstaande en mobiele masjiene) | | | |
| 14 | Vervoer- en kommunikasiewerkers (pos-, telefoon- en radiowerkers, vragmotorbestuurders, SAS & H, SAL, hawe- en dokwerkers, ens.) | | | |
| 15 | Ongeskoolde arbeiders | | | |
| 16 | Gewapende magte (slegs SAP, Spoorwegpolisie en SA Weermag) | | | |
| 17 | Diverse | | | |

E (Indien slegs huidige indiensneming verkry is) Met watter persentasie sal u onderneming se indiensneming van nou af tot 19____ na raming styg?

19 ______ ______________% of ____________

19 ______ ______________% of ____________



33868

Copy no 34690
RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

LITERATUURLYS

1 BOSHOFF, F. Raming van die ekonomies bedrywige en totale bevolking van die Saldanhabaaigebied en die Saldanhabaaistadskompleks vir 1980 en 1990. Pretoria, RGN, 1975.

2 JACOBS, J.J. 'n Streekmannekragmodel. Pretoria, RGN, 1975.

3 DEPARTEMENT VAN BEPLANNING EN DIE OMGEWING. Nasionale Fisiese Ontwikkelings=plan. Pretoria, Staatsdrukker, 1975.